



HOEKOM DIE HOËR TEGNIESE SKOOL DROSTDY VIR MY SEUN OF DOGTER?

Die keuse van `n hoërskool is en bly `n baie belangrike besluit. Dit is dus van kardinale belang dat hierdie keuse ingelig en weldeurdag moet wees.

Ouers en leerders het gewoonlik vrae oor die volgende belangrike sake:

- ✓ Die geskiedenis, waardes, tradisies en kultuur van `n skool.
- ✓ Die vakkeuses en toegang tot loopbaangeleenthede wat die skool bied.
- ✓ Watter buitekurrikulêre aktiwiteite bied die skool aan?
- ✓ Die dissipline in die skool
- ✓ Hoe suksesvol is die skool op akademiese, sport-en kultuurgebied
- ✓ Watter erkenning is daar vir leerders?
- ✓ Algemene vrae oor skoolfonds, skoolbenodighede, koshuise en toelating.

Hierdie dokument dien as inligtingsblad om bogenoemde vrae te beantwoord en aan u te toon dat die BELEWENIS VAN DROSTDY net die regte keuse sal wees.

DIE GESKIEDENIS, WAARDES, TRADISIËS EN KULTUUR VAN HTS DROSTDY

Die Hoër Tegniese Skool Drostyd is die enigste volwaardige skool vir Tegnologie in die Boland en het die afgelope aantal jare gegroei tot 'n reus onder die skole van die Boland en Wes-Kaap. Met sy pragtige ligging, sierlike geboue, trotse tradisies en vrugbare aarde is dit 'n simbool van stewigheid, krag en skoonheid – karaktertrekke waarna elke Drostydere strew.

Die naam, Drostyd, kom van Worcester se eerste geskiedkundige drostyd wat in 1823 voltooi is. Op 12 Februarie 1903 is die gebou deur die NG Kerk gekoop en aangewend vir die opleiding van sendingambagsmanne – krygsgevangenes uit die Anglo-Boereoorlog.

Dit word op 10 Augustus 1911 'n industriële skool genaamd die Drostyd Ambagskool.

Sy huidige naam, Hoër Tegniese Skool Drostyd, word in 1944 verkry. Dit is 'n skool uit nood gebore, 'n sinnebeeld van stabiliteit – van hoop en vertroue. Vandag is Drostyd 'n komprehensiewe skool en word vakke oor die hele spektrum van die kurrikulum aangebied. 'n Volledig toegeruste gebouekompleks maak voorsiening vir meer as 920 leerders en vier koshuise bied huisvesting aan 500 koshuisgangers uit talle dele van Suid-Afrika en die buurlande.

Drostyd is uniek in die omgewing deurdat die skool ook 'n sterk Tegnologie-gerigte baan het saam met die akademiese baan. Daar is 'n geweldige belangstelling ten opsigte van tegnologie-onderwys en keuring word jaarliks gedoen om getalle te akkommodeer.

Meisiegetalle neem jaarliks skerp toe en ons is baie trots op ons dogters by Drostyd. Hulle word in hul eie koshuis, BERGSIG, gehuisves.

LIEFDE – TROTS – VERANTWOORDELIKHEID - RESPEK

Hierdie is die vier pilare waarop Drostydere daagliks hulle toekoms bou.

HTS Drostyd Donkie

Ruggraat : Christelike Beginsels
Vier Bene : Respek & Liefde & Trots & Verantwoordelikheid
Grond : Dissipline



Die HTS Drostyd lewer gemeenskapsdiens op vele terreine oor meer as 110 jaar. Om te verseker dat in hierdie doelstellings geslaag word, word baie aandag aan die ontwikkeling van die siel, verstand en liggaam van elke leerder bestee. Dit is die strew van die skool dat elke leerder geken en erken word en daarom is ons MISSIE soos volg:

“Die daarstelling van 'n gunstige, leergerigte klimaat van hoë morele standaarde ten einde elke leerder as totale mens te vorm en na volwassenheid te begelei, om hom sodoende as Christelike, gebalanseerde en beroepsgerigte individu die samelewing in te stuur, toegerus om 'n konstruktiewe bydrae op alle vlakke te lewer.

VAKKEUSE VAN EN LOOPBAANGELENTHED E UIT HTS DROSTDY

`n Komprehensiewe Skool

HTS Drostyd is `n ten volle komprehensiewe skool. Dit beteken dat die skool die meeste akademiese vakke aanbied, maar ook natuurlik `n baie sterk tegnologiese been aanbied wat die skool baie goed posisioneer om unieke geleenthede vir elke leerder te bied.

Die medium van onderrig is Afrikaans.

In **graad 8 en graad 9** word dieselfde standaardkursus soos aan enige hoërskool gevolg. Tegnologie word gerig op die volg van 'n spesifieke studierigting vanaf graad 10.

Vakke in die Algemene Onderwys en Opleidingsfase:

Graad 8 & 9

1. Afrikaans Huistaal
2. Engels Eerste Addisionele Taal
3. Wiskunde
4. Natuurwetenskappe
5. Tegnologie
6. Sosiale Wetenskappe
7. Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe
8. Kuns en Kultuur (Drama & Visuele Kuns)
9. Lewensoriëntering

In EBW word daar addisionele verryking in Rekeningkunde gedoen terwyl daar ook verryking plaasvind in Tegnologie t.o.v. Tegniese Tekene om leerders voor te berei vir Ingenieursgrafika & Ontwerp as vak.

U aandag word op die volgende aspekte ten opsigte van die VOO-vakkeuse gevestig:

Aan die einde van die derde kwartaal van graad 9 word 'n finale keuse gemaak ten opsigte van die vakkeuse wat vanaf graad 10 gevolg gaan word.

Vakke in die Verdere Onderwys en Opleidingsfase

Graad 10 – 12

Verpligte Eksamenvakke in die Verdere Onderwys & Opleidingsfase:

1. Afrikaans Huistaal
2. Engels Eerste Addisionele Taal
3. Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid
Ingenieurswiskunde (Indien jy 'n Tegnologievak neem.)
Ingenieurswetenskap (Indien jy 'n Tegnologievak neem.)
4. Lewensoriëntering

(5 – 7) 'n Keuse van drie vakke uit die volgende:

Die drie keusevakke moet die leerder voorberei om 'n gerigte kwalifikasie te behaal. Daarom mag sekere vakke nie in kombinasie gekies word nie.

Een vak uit elk van die volgende groepe:

Groep E

Fisiese Wetenskappe	Visuele Kunste
Ingenieursgrafika & Ontwerp	Ontwerp
Rekeningkunde	Dramatiese Kunste
Toerisme	Inligtingstechnologie

Groep F

Fisiese Wetenskappe	Visuele Kunste
Lewenswetenskappe	Ontwerp
Rekenaartoepassingstechnologie	Dramatiese Kunste
Besigheidstudies	Inligtingstechnologie
Ingenieursgrafika & Ontwerp	

Groep G

Lewenswetenskappe	Gasvryheidstudies
Elektronika	Rekenaartoepassingstechnologie
Kragstelsels	Inligtingstechnologie
Pas & Draaiwerk	Dramatiese Kunste
Motorwerktuigkunde	Visuele Kunste
Houtbewerking	Ontwerp
Konstruksie	

Ekstern:

Admaths word een aand per week aangebied vir ekstra Wiskunde verryking.

Waarom 'n Skool vir Tegnologie?

Die ontwikkeling van handel en nywerheid in die RSA het 'n steeds groter wordende vraag na goed opgeleide ingenieurs, tegnici en vakmanne geskep. Werkgewers is altyd gretig om leerders wat hulle opleiding aan 'n tegnologiegerigte skool ontvang het, in diens te neem. Beroepsopleiding het noodsaaklik geword vir alle persone wat uitvoerende betrekings in die handel en nywerheid wil beklee.

Die HTS Drostdy resorteer onder die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en skryf presies dieselfde matriekeksamen as enige ander hoërskool in Suid-Afrika.

Toelating tot Inrigtings vir Tersiêre Studie

Dit is baie belangrik om kennis te neem dat HTS Drostdy unieke geleenthede bied vir leerders om tersiêre kwalifikasies te behaal:

Behalwe vir die tegniese vakke bied Drostdy ook al die akademiese vakke aan om vir enige studierigting by 'n universiteit, universiteit van tegnologie of kollege te kwalifiseer. Verder moet ouers bewus wees daarvan dat die tegniese vakke nie net toegang tot vakleerlingskappe en ander beroepsopleiding bied nie, maar ook van groot waarde is vir die meeste ingenieursweserigtings asook rigtings soos bourekenaarwese.

Personeel

Onderrig word aangebied deur ervare personeel met baie goeie kwalifikasies. Om klasgroottes hanteerbaar te hou en kwaliteitonderrig te verseker, word bykomende personeel deur die Beheerliggaam in diens geneem.

Hulpklasse

Hulpklasse word twee keer per week in alle vakke vir leerders, wat probleme ondervind, aangebied. Die hulpklasse vind namiddae plaas en is so gereël dat sportoefeninge nie daarmee bots nie. Individuele aandag word tydens hulpklasse aan leerders gegee en spesifieke probleme wat 'n leerder mag ondervind, word met hom/haar bespreek.

Skoolure & Studie-ure & Toetse & Eksamens

Skoolure (Winter & Somer): 07:25 – 13:45

Net soos die onderwyser sy onderrig met sukses bekroon wil sien, verwag ons ook dat ons leerders dit hul doel en strewe sal maak om deur middel van toegewyde studie hul toetse en eksamens met sukses af te lê.

Die medewerking van ouers word vriendelik gevra om toe te sien dat leerders daaglik minstens DRIE uur aan tuiswerk en studie bestee.

Die koshuise het dan ook studietye in die middag asook saans van 18:30 tot 21:00.

Behalwe die eksamens, gedurende Junie en November, word die vordering van leerders gereeld deur middel van weeklikse klastoetse en kwartaalike toetsreekse en mini-eksamens gemonitor.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE & VERENIGINGS

Drostdy maak ruim voorsiening vir buitemuurse aktiwiteite en daar word verwag dat elke leerder by minstens **een kulturele vereniging en een sportsoort sal inskakel.**

'n Wye verskeidenheid van aktiwiteite word aangebied, waaronder die volgende:

Atletiek	Krieket	Tennis	Fietsry
Swem	Rugby	Hokkie	Stoei
Netbal	Gholf	Toutrek	Redaksie
Skyfskiet	Skaak	VCSV	Orkes
Noodhulp	Redenaars	Drama	Fotografie
Toneel	Avontuurklub	Jukskei	Mnr. & Mej. Drostdy



Aktiwiteite Buite Skoolverband

Karate	Hengel	Rolbal
Bofbal	Tweekamp	Veldrenne

Leerders van alle kerke kry in gelyke mate die geleentheid om hulle kerklike verpligtinge na te kom. Behalwe voorsiening vir gereelde kerkbywoning en kategese, word 'n sterk VCSV-tak in stand gehou.

Kultuuraande word gereeld gehou en geleenthede word geskep om goeie toneelopvoerings, musiekkonserte en kulturele geleenthede by te woon.

Senior leerderleiers word jaarliks na goedgekeurde jeugkonferensies afgevaardig.

DISSIPLINE

Sien die skool se gedragskode

Bywoning & Gedrag

Gereelde skoolbywoning op alle dae van elke kwartaal word vereis. Ouers word aangemoedig om vakansiereëlings so te tref dat hul kinders vir die volle tydperk van die akademiese jaar teenwoordig kan wees. Selfs 'n halwe dag se afwesigheid mag 'n leerder se vordering strem. 'n Afwesigheidsbrief, onderteken deur die ouer/voog of 'n doktersertifikaat moet na die graadhoof gebring word sodra 'n leerder, wat afwesig was, weer terug in die skool is.

Streng dissipline word in die skoolgebou en op die terrein gehandhaaf en van leerders word verwag om saam te werk. Leerders se gedrag, binne sowel as buite die skool, moet te alle tye onberispelik en navolgenswaardig wees.

Gedragskodering

Die skool maak gebruik van gedragskodering waarvolgens leerders positiewe en negatiewe punte ontvang. Punte wissel na gelang van oortredings of goeie gedrag. Ouers word daagliks d.m.v. 'n sms op hoogte gehou van die leerders se gedrag in die skool.

Skooldrag

Kleredrag vir Seuns:

Skoolbaadjie & Skooldas
Hemp : Blou Hemp
Broek : 'n Lang/Kort Grys Skoolbroek
Trui : Donkerblou
Skoene : Swart toerygskoene wat met swart politoer skoongemaak word.
Skoolkouse : Grys Drostdy kouse

Sweetpak : Skoolsweetpak
Gordel : Swart

Kleredrag vir Meisies:

Skoolbaadjie & Skooldas
Hemp : Blou Hemp
Broek/Romp : Donkerblou
Trui : Donkerblou
Skoene : Skoolskoene van swart leer met veters/bandjie.
Kouse & Sokkies
Sommer : Wit Drostdy sokkies
Winter : Lang vlootbloukouse
Sweetpak : Skoolsweetpak

Klerewinkel : Alle skooldrag is by die skool se klerewinkel beskikbaar.

ERKENNING

Aan die begin van elke kwartaal gee ons erkenning aan elke graad se top tien akademiese leerders van die vorige kwartaal. Terselfdertyd oorhandig ons graag prestige-balkies aan leerders wat harde werk, betrokkenheid, goeie maniere en ambassadeurskap van die skool kombineer. Daar word verder ook erkenning gegee aan provinsiale kleure in alle skoolaktiwiteite. Tydens ons prysuitdelingsfunksies word daar ook erkenning aan prestasies buite-skoolverband gegee.

ALGEMENE INLIGTING

Toelating

Leerders kan tot die HTS Drostyd in graad 8 tot graad 10 toegelaat word, indien hulle in graad 7 tot graad 9 geslaag het. Ons verkies egter dat 'n leerder reeds vanaf graad 8 die skool bywoon. 'n Leerder sal wel in 'n hoër graad toegelaat word, indien hy bewys gelewer het dat hy oor die vermoë beskik om die agterstallige werk maklik te kan inhaal.

Aansoek om Toelating

Aansoek om toelating in graad 8 geskied gedurende die eerste en tweede kwartaal van die leerder se graad 7-skooljaar. Aansoekvorms is by die skool en op die webwerf beskikbaar en kan ook telefonies aangevra word. Die aansoekvorms moet volledig voltooi en aan die skool teruggestuur word. Die kind se jongste skoolrapport (of 'n afskrif daarvan) moet saamgestuur word, asook die graad 6-rapport.

Ouers sal aan die einde van die tweede kwartaal of vroeg in die derde kwartaal, wanneer die tweede keuring plaasvind, in kennis gestel word of 'n kind se aansoek suksesvol is.

Tesame met die kennisgewing word ook inligting oor die finansiële verpligtinge vir losies en bedryfsfonds gestuur.

Handboeke, skryfboeke en skryfbehoeftes

Alle handboeke word jaarliks aan leerders verskaf. Dit is die leerder se verantwoordelikheid om hierdie handboeke met plastiek oor te trek en dwarsdeur die jaar op te pas. Leerders sal verlore handboeke moet betaal. Handboeke moet terugbesorg word wanneer leerders die skool verlaat.

Leerders is selfs verantwoordelik vir hul skryfboeke en -behoeftes. Alle leerders ontvang aan die einde van die jaar 'n lys van benodighede vir die volgende jaar. Die klerewinkel verkoop ook skryfbehoeftes en maak jaarliks pakkies op met al die benodighede teen 'n baie billike tarief.

Koshuise

Die skool beskik oor vier groot koshuise. Elke koshuis staan onder beheer van 'n superintendent wat saam met sy personeel verantwoordelik is vir die uitoefening van goeie beheer en dissipline. Die matrones berei goeie etes volgens 'n dieetskaal voor en oefen beheer oor die wasgoed, wat in ons eie washuis gewas word, uit.

Die graad 8 seuns word gehuisves in Drostyd Koshuis, die graad 9 tot 12 seuns in Noordsig koshuis en Huis Dr. Stals. Al die dogters woon in Bergsig koshuis. Elke koshuis beskik oor ontspanningsfasiliteite wat voorsien in die behoefte aan gesonde ontspanning.

‘n Goed toegeruste kafeteria – Die Frikkie - voorsien in bykans alle behoeftes.

Die skool beskik oor ook sy eie haarsalon *Salon Antoinette* waar leerders hul hare teen ‘n baie bekostigbare prys kan laat sny.

Siekrapportering geskied via die superintendent by die skool en plaaslike dokters besoek die skool op Dinsdag- en Donderdagoggende.

Losiesgeld

Losiesgeld is vooruit betaalbaar binne die eerste veertien dae van elke kwartaal. As ouers nie hulle geldelike verpligtinge kan nakom nie, kan kinders hulle plek in die koshuis verbeur. Geld moet aan die **HTS Drostdy** betaalbaar gemaak word.

Losiesgeld word een keer per jaar vasgestel en wissel namate die lewenskoste styg.

Bedryfsfonds

Die bedryfsfonds word jaarliks aangepas in ooreenstemming met die stygende lewenskoste. Dit word aan die ouers voorgelê vir goedkeuring voor implementering.

Leerders wat aan sport- en kultuuraktiwiteite deelneem, betaal nie vir die vervoer na ander dorpe waar hulle gaan optree nie. Sporttoere en opvoedkundige toere gedurende vakansies word ook uit die bedryfsfonds gesubsidieer.

Beurse

Sportbeurse en akademiese beurse word deur die skool beskikbaar gestel vir belowende sportmanne en akademiese uitblinkers. Besonderhede is beskikbaar by die Skoolhoof en Bemarkingskomitee.

HTS DROSTDY

Privaatsak X3037
Somersetstraat 40
WORCESTER
6849

Tel : (023) 342 2320/1/2/3
Faks : (023) 347 3996
E-pos : admin@htsdrostdy.co.za
Facebook : Beleef HTS Drostdy
Webtuiste : www.htsdrostdy.co.za
Twitter : @HTS_Drostdy



DROSTDY IS ‘N BELEWENIS!